Wes-Kaap Onderwysdepartemen
Western Cape Education Departmen
iSebe leMfundo leNtshona Kolon

Navrae / Enquiries / iMibuzo: Dr M J Theron
Verwysing / Reference / Ubhekiso: L15/107/1
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 403-6050/1

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967
Datum/Date / Umhla: 17 Desember 1996

AAN:

HOOFDE VAN HULPSENTRUMS,
AREA- EN KRINGBESTUURDERS,
VAKADVISEURS, HOOFDE VAN
ALLE ONDERWYSINRIGTINGS

**OMSENDBRIEF 0106/96 : PROSEDURES VIR DIE VERWYSING VAN LEERLINGE NA SENTRUMS/SKOLE VIR DIE VERSTANDELIK ERG GESTREMDES**

Wanneer 'n leerder na 'n sentrum/skool vir verstandelik erg gestremdes verwys word, moet die volgende prosedures streng gevolg word:

1. Leerders wat geïdentifiseer word vir moontlike verwysing na opleidingsentrums/-skole, word eers deur hul onderwysers in hoofstroomskole geïdentifiseer, deur hul ouers wat hul mediese praktisyns raadpleeg, deur onderwysers in voorskoolse inrigtings, ens.

2. 'n Leerder word deur sy/haar klasonderwyser vir evaluering aanbeveel. Die skoolhoof versoek dan die skoolsielkundige om die evaluering te doen.

3. Die verslag van die skoolsielkundige se bevindinge word gestuur aan die adviseur by Hoofkantoor verantwoordelik vir die sentrums/ skole vir verstandelik erg gestremdes vir sy/haar aanbeveling en moontlike verwysing. Hierdie evaluering kan die leerder in een van 3 kategorieë plaas:

   3.1 Leerders met 'n IK telling van onder 30 is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.
   3.2 Leerders met IK's tussen 30 en 50 word aanbeveel vir plasing by VEG skole/sentrums deur die OLSO-adviseur.
   3.3 Leerders met IK's hoër as 50, en wat slegs geringe verstandelike gestremdheid toon, word na aanpassings-

/spesiale klasse verwys sodat hulle hul maksimum leerpotensiaal kan verwesenlik.

4. Aangesien hierdie besluit belangrik is ten opsigte van 'n leerder se toekoms, word hy/sy vir 'n proefperiode van ses maande na 'n sentrum/skool verwys. In hierdie periode word die leerder se geskiktheid vir die program van die opleidingsentrum/-skool finaal bepaal ten einde gepaste plasing te verseker. Gedurende hierdie tyd word die leerder op 'n tydelike register by die sentrum/skool geplaas.

5. Gedurende die volgende stap besoek die betrokke adviseur die sentrum/ skool besoek om goedkeuring te verleen vir die plasing van die leerders op 'n permanente toelatingsregister.

6. Slegs leerders tot op die ouderdom van 18 jaar mag by hierdie sentrums/skole geakkommodeer word. Spesiale toestemming moet van die Wes-Kaap Onderwys Departement verkry word om leerders ouer as 18 jaar in die skool/sentrum te laat aanbly.

7. Leerders moet nie sonder meer na opleidingsentrums/-skole verwys word nie, aangesien daar onderliggende oorsake soos miskien geremdheid vir hul gebrekkige skoolvordering verantwoordelik kan wees. Daar moet by hoofstroomskole voldoende geleentheid vir leerders geskep word om te bewys dat hulle werklik nie kan volhou met die werklading nie. Hulle moet nie na slegs een onsuksesvolle jaar na 'n sentrum verwys word nie.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder alle personeellede se aandag.

9. U samewerking ten opsigte van bogenoemde aangeleentheid sal hoog op prys gestel word.

C B Gilbert

n. **HOOF: ONDERWYS**

Noted

22/1/92